

DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 16

[WET en GEE]

DIE WET IN DIE OU TESTAMENT, VERAL DIE GEE VAN TIENDES

“Tiende” beteken die gee van één tiende van jou inkomste. Hoewel Christene ’n tiende van hulle inkomste mag gee vir die saak van Jesus Christus, leer die Bybel nie dat Christene tiendes moet gee nie. Die gee van tiendes hoort by die Ou-Testamentiese seremoniële wet, soos die tempel, priesters, offerandes en die besnydenis. Die seremoniële wet is al vervul en afgeskaf by die eerste koms van Jesus Christus en daarom nie meer geldig vir gelowiges nie!

A. DIE GEE VAN TIENDES IN DIE VROEGSTE TYE

1. Die gee van tiendes was nie beperk tot Israel nie.

Die toewyding van ’n tiende van die oes van die land, van die winste in die sakewêreld en van die oorlogsbuit aan ’n bepaalde godheid was ’n ou gebruik by die Semiete en die Indo-Germaanse volke.

2. Die gee van tiendes het verskillende betekenisse in die Bybelse geskiedenis.

(1) Die gee van tiendes as teken van respek vir iemand wat belangrik is.

Abraham (2167-1992 v.C.) het aan Melgisedek, koning van Salem en priester van God, die Allerhoogste, ’n tiende van die oorlogsbuit gegee. Dit was ’n teken van respek vir iemand belangriker as jyself (Genesis 14:18-20).

(2) Die gee van tiendes as die aflossing van ’n eed aan God.

Jakob (2007-1860 v.C.) het ’n eed teenoor God by Bethel afgelê. “As U, o God, by my is en my beskerm op my reis en vir my kos en klere gee, sodat ek behoue terugkom by my ouerhuis, sal U, Here, my God wees. Hierdie klippilaar wat ek regop gesit het, sal ’n tempel wees, en van alles wat U my gee, sal ek vir U ’n tiende gee” (Genesis 28:20-22).

(3) Die gee van tiendes as die betaling van huur aan ’n wêreldse eienaar.

Josef (ongeveer 1877 v.C.) het as noodmaatreël ’n wet ingestel dat die Egiptenare ’n vyfde (m.a.w. twee tiendes) van die opbrengs van die Egiptiese landerye aan Farao moes afstaan (Genesis 47:24-26). Dit was nie geestelik nie, maar wel ’n wêreldse maatreël.

(4) Die gee van tiendes as ondersteuning van die Ou-Testamentiese aanbiddingsdiens.

Na die eksodus uit Egipte (1447-1407 v.C.) het God as ’n onderdeel van die seremoniële wet van Israel in die Ou Testament die bring van tiendes (meervoud) beveel (Leviticus 27:30-34).

(5) Die gee van tiendes as belasting aan die koning (die owerheid).

Die profeet Samuel (1060-1032 v.C.) het gesê dat die regte van ’n koning die volgende insluit: hy sou hulle seuns en dogters vat om sy wêreldse ambisies te vervul; hulle vrugbaarste landerye, wingerde en olyfwingerde afneem en aan sy amptenare toewys, hulle beste slawe en sterkste arbeiders afneem of vir homself te laat werk, ’n tiende deel van die opbrengs van die landbou aan sy amptenare gee en ’n tiende deel van hulle vee vir homself opeis as belasting om sy aardse koninkryk te bestuur (1 Samuel 8:11-18).

Let wel: al hierdie voorbeelde staan in die is historiese konteks. Maar die bring van tiendes as onderdeel van die seremoniële wet van Israel staan in die culturele konteks van die Koninkryk van God. Dis nie net ’n geskiedkundige feit nie, maar ’n goddelike bevel.

B. DIE BRING VAN TIENDES AS DEEL VAN DIE SEREMONIËLE WET

1. Die bring van tiendes was ’n onderdeel van die seremoniële wet van Israel (1447 – 1407 v.C.)

(1) Die inhoud van die seremoniële wet van Israel.

Die seremoniële wet het bestaan uit voorskrifte vir:

- **Heilige mense** (die priesters en die Leviete)
- **Heilige plekke** (die tabernakel en die tempel)
- **Heilige tye** (die Sabbat, die godsdienstige feeste en ’n vasdag)
- **Heilige handeling** (die bring van offerandes, die eersgeborenes, eersteling van die oes, die tiendes, die besnydenis van seuntjies, die reinigingshandeling en die eet van rein voedsel)

(2) Die doel van die seremoniële wet.

Die seremoniële wet was in diens vir die aanbidding van die God van die Bybel in die Heilige Land. Hy het voorgeskryf hoe mense gedurende die Ou-Testamentiese periode tot God moet nader en Hom moet aanbid. God het Israel beveel om die afgodery van die ander volke te vernietig en Hom nie op die manier van die heidense volke te aanbid nie (Deuteronomium 18:9-13)! God het ’n plek gekies waarheen die Israeliete al hulle offerandes moes bring wat bestem was vir die brandofferaltaar en alle ander offerandes, by name die tiendes, die ander heffings soos eersteling van die

oes, offers vir die nakoming van geloftes, die vrywillige gawes wat nie deur die seremoniële wet vastgelê is nie en die eersgeborenes (Deuteronomium 12:1-6). Die tiendes van die Israeliete het na die Leviete toe gegaan as vergoeding vir hulle werk in die tabernakel (Numeri 18:21,26). Die eersgebore diere het gedien as voedsel vir die priesters en vir die offerfees in Jerusalem (Deuteronomium 12:7,17). Dit is moontlik dat die priesters 'n offerfees voorberei het en die mense wat die offerandes gebring het uitgenooi het om aan die feesmaal deel te neem.

2. Die inhoud van die tiendes is nie heeltemal vasgelê nie.

Volgens sommige Bybelgedeeltes in die Ou Testament het die tiende bestaan uit “die tiende deel van die opbrengs van jou gesaaides: koring, wyn, olie en jou eersgebore grootvee en kleinvee” (Deuteronomium 14:22-23; Deuteronomium 26:12; Numeri 18:27-30; Nehemia 10:37-39; Nehemia 13:12).

Volgens ander Bybelgedeeltes in die Ou Testament bestaan die tiende uit die produkte van die land of dit nou graan of vrugte is en van die beeste, bokke en skape elke tiende dier wat verbykom (Levitikus 27:30,32; 2 Kronieke 31:6; Jeremia 33:13).

3. Die bestemming van die tiendes was nie heeltemal duidelik vasgelê nie.

Die Ou Testament praat nie oor EEN tiende nie, maar oor DRIE tiendes!

- (1) Die eerste tiende was vir die Leviete
wat die seremoniële diens in die tabernakel (tempel) uitgevoer het.

Lees Levitikus 27:30-33; Numeri 18:5-7,20-24.

Die HERE het die stam van Levi afgesonder om Hom in die tabernakel (en later in die tempel) te dien. Net één familie onder die Leviete, te wete die familie van Aäron, mag as priesters in die tabernakel en agter die voorhangsel diens doen m.b.t. alles by die altaar. Die ander Leviete het ander werk in die tabernakel gedoen. Omdat die HERE die priesters en Leviete geroep het tot die diens in die tabernakel, het die Here ook voorsiening gemaak vir hulle onderhoud. Die HERE het bepaal dat die tiendes bestem was vir die onderhoud van die Leviete en priesters (die stam van Levi).

- Die volk van God moes hul eerste tiende aan die Leviete gee as hul erfdeel in die land van Israel en as hul oon vir hul arbeid in die tabernakel.
- Die Leviete moes 'n tiende deel van hulle tiendes afgee aan die priesters. Hierdie tiende het bestaan uit die beste deel van die olyfolie en die beste van die wyn en die graan. Dit het gedien as die eerste opbreng van die Leviete, net soos die eerste opbrengs van die Israeliete afgestaan moes word aan die HERE (Numeri 18:12).
- Die HERE het die volgende as inkomste van die priesters bestem: Die allerheiligste gawes, alle heilige gawes, die afgesonderde dele van die beweegoffers, die heffoffers (AOV), die eerste opbrengs van die oes, die eersteling van die vee en alles wat aan die HERE gewy was (Numeri 18:8-19; Deuteronomium 18:1-5). Ook die tiende deel van die tiende wat aan die Leviete gegee is (Numeri 18:25-28). Ook 'n deel van die oorlogsbuit (Numeri 31:25-29). En die skadevergoeding wat nie uitbetaal word nie omdat die benadeelde al gesterwe het of geen naasbestaande gehad het nie (Numeri 5:6-10).

- (2) Die tweede tiende was vir die vreugdefees in die tabernakel (of tempel).

Lees Deuteronomium 12:5-7,11-19; Deuteronomium 14:22-27.

“Jy moet elke jaar 'n tiende van die opbrengs van jou gesaaides, van wat op jou land groei, opsy sit: jy moet dit in die teenwoordigheid van die Here jou God eet op die plek wat Hy sal kies om sy Naam daar te laat woon. Jy moet die tiende opsy sit van jou koring, jou wyn en jou olie en dan ook nog die eersteling van jou grootvee en jou kleinvee, sodat jy kan leer om die Here jou God altyddeur te eer” (Deuteronomium 14:22-23). Die Israeliete moet die eersgebore diere elke jaar wy aan die HERE en saam met hulle familie eet op die plek wat die HERE uitkies (Deuteronomium 15:19-20). Dit het waarskynlik gebeur tydens die Loofhuttefees in die herfs (Exodus 23:16). Hier het die tiende nie gedien as inkomste vir die Leviete nie, maar as 'n middel om omgang met die HERE te hê! As die Israeliet te ver van Jerusalem af gewoon het, mag hy die tiende deel van sy oes en vee verkoop en voedsel vir die vreugdefees koop (vergelyk Johannes 2:13-14). Saam met sy hele familie en diensknegte en Leviete uit sy dorp vier hy die vreugdefees.

Die tweede tiende in die latere Judaïsme. Die Jode van die eerste eeu n.C. het dit tot “'n tweede tiende” gemaak.

Die tweede tiende het bestaan uit 'n tiende deel van die nege tiendes wat oorgebly het nadat die eerste tiende daarvan opsygesit was. Miskien was die tweede tiende letterlik bedoel, omdat 'n enorme hoeveelheid voedsel tydens die vreugdefees geëet sou moes word. Miskien bestaan dit uit 'n deel en nie letterlik 'n tiende nie. Ons weet nie vandag presies wat bedoel en gedoen is nie.

- (3) Die derde tiende was vir die behoeftiges.

Lees Deuteronomium 14:28-29; Deuteronomium 26:12-15.

“Om die drie jaar moet jy die volle tiende van daardie jaar se opbrengs in jou dorpe gaan wegpak. Dan kan die Leviete wat nie 'n eie grondgebied as besitting saam met jou gekry het nie, die vreemdelinge, die weeskinders en die weduwees in jou omgewing genoeg eet. As jy dit doen, sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy aanpak” (Deuteronomium 14:28-29).

Dit was dus die tiendes vir die armes en behoeftiges. Hierdie tiende is geen verwysing na die tweede tiende nie, omdat die derde tiende plaaslik geëet is en nie in Jerusalem nie. Die derde tiende vorm geen deel van die tempeldiens nie.

Ten einde die heiligheid van hierdie tiende te handhaaf, is 'n seremonie vir die persoon wat die derde tiende bring, voorgeskryf. Die persoon wat die offer gebring het, moes tydens een van sy besoeke aan Jerusalem teenoor die HERE verklaar dat hy niks van die tiende teruggehou het nie, maar dit heeltemal aan die behoeftiges gegee het en ook dat hy dit nie tuis verontreinig het nie (Deuteronomium 26:13-15). Al is dit nie na die heiligdom gebring nie, was dit tog 'n onderdeel van die diens aan die HERE. Sy verklaring het dan ge-eindig met die vra van 'n seën op die volk van God en op die land (d.w.s. hy vra God se seën vir die landbou van die volgende jaar).

Die derde tiende in die latere Judaïsme. Die derde tiende was waarskynlik die tweede tiende van elk derde jaar.

Die tiende “elk derde jaar” (Deuteronomium 14:28) was waarskynlik dieselfde as die tweede tiende van daardie jaar, maar het 'n ander bestemming gekry, naamlik die armes en behoeftiges in hulle eie woongebied. In grootte en omvang moes dit wel 'n tiende deel gewees het. Die Jode in die eerste eeu n.C. het die derde tiende “die tiende vir die armes” genoem.

Gevolgtrekking. As Deuteronomium 14:28 verstaan moet word as “die tweede tiende van die derde jaar”, dan was God se volk Israel gedurende die outestamentiese periode verplig om elke jaar minstens TWEE tiendes, 'n hoeveelheid gelyk aan 'n vyfde deel van hulle oes en produksie aan die HERE en sy diens in Israel te gee!

- Die eerste tiende gaan elke jaar na die Leviete as hulle erfdeel in die land Israel en vir hulle diens in die tabernakel.
- Die tweede tiende was twee jaar lank bestem vir die vreugdefees in Jerusalem, maar tydens die derde jaar was dit bestem vir die armes en behoeftiges in hulle eie woonplek.

4. Die bring van tiendes was 'n betaling van 'n soort huur vir die land Israel aan die Eienaar, God.

Die tiendes het behoort aan die HERE (Levitikus 27:30), d.w.s. afgesonder en toegewy aan die HERE en sy diens. Die heilige land Israel behoort aan die HERE (dus nie aan Israel nie), maar die Israëliete het die land van Israel in bruikleen gekry (hulle kon die vrugte van die land geniet). Ook die losreg (om terug te koop) het bly voortbestaan. “Geen grond mag permanent verkoop word nie, want “die land behoort aan My. Julle is slegs vreemdelinge en bywoners by My”. Verder moet die reg om grond terug te koop, oral en altyd geld ” (Levitikus 25:23-24). Die tiendes was dus 'n soort betaling van huur of aksyn aan God. Die tiende moes die Israëliete daaraan herinner dat hulle niks meer as vreemdelinge” is in die land van Israel nie. Hulle was nie die eienaars van die land nie, maar wel net huurders! Die oorfloedige oes en produksie van die land was tekens van God se ryk seën (vergelyk Maleagi 3:10-12). Die Israëliete het 'n deel van hulle opbrengs aan die Eienaar, die HERE, as aksyns (belasting) gegee.

5. Die tiendes mag nie geruil word nie, maar mag afgekoop geword het.

Volgens 'n Joodse geskrif (Bekoroth 58b) is die diere in 'n V-vormige hok ingejaag met 'n uitgang vir net één dier op 'n slag. Die diere loop onder die herdersstaf deur terwyl hy hulle getel het (Jeremia 33:13). Die herder het elk tiende dier met sy staf aangeraak en die diere het 'n rooi verfmerk gekry. Die eienaar mag die diere nie so gerangskik het dat hy die beste diere vir homself gehou het om die swakke diere aan die HERE te gee. As hy betrap word dat hy 'n gesonde met 'n swak dier omgeruil het, moes hy beide diere aan die HERE afstaan of die gesonde dier afkoop teen die waarde van die dier plus 'n vyfde deel (Levitikus 27:30-33).

C. DIE GEE VAN TIENDES NÁ DIE BALLINGSKAP

Ná die ballingskap het die gee van tiendes verander in 'n soort tempelbelasting ter ondersteuning van die tempeldiens en tempeldienare.

1. Nehemia moes die gee van tiendes weer instel (445-433 v.C.).

Ná die terugkeer uit die ballingskap in Babilon (538 v. C.) het die Israëliete die tempel in Jerusalem herbou (Esra 6:15, 521-516 v.C.). Later tydens die eerste periode wat Nehemia goewerneur in Palestina was (445-433 v.C.) het die leiers, die priesters en die Leviete 'n verbintenis op skrif gestel en met hulle seëls verseël dat hulle die tempel en tempeldiens wat die bring van tiendes ingesluit het, nie sou verwaarloos nie (Nehemia 10:1-2, 38-40). “Die res van die gemeente, priesters, Leviete, poortwagte, sangers, tempelslawe en al die ander wat hulle van die heidenvolke afgeskei het met die oog op die wet van God, vrouens, seuns, dogters, almal wat reeds die nodige begrip gehad het, het hulle aangesluit by hulle ampsgenote en leiers. Hulle het 'n dure eed afgelê om te leef volgens die wet van God wat deur Moses, die dienaar van God, aan die volk gegee is, en om gehoorsaam te wees aan al die gebooie van die Here, ons Here, en aan sy bepalings en voorskrifte.” (Nehemia 10:28-30). Dit het ingesluit dat hulle met geen buitelanders sou trou nie, die Sabbat sou hou, die tempel sou onderhou deur die betaling van 'n tempelbelasting, hout vir die offervure sou versamel, die eerste opbrengs van die oes, die eersgeborenes van diere en die tiende deel van hulle oes sou afstaan (Nehemia 10:30-39).

Maar nou was daar 'n verskil met die wet van Moses van 900 jaar vroeër (1447 – 1407 v.C.). Ná die ballingskap het die mense nie meer sêlf die tiendes na die tempel gebring nie, maar moes die Leviete die tiendes in elke dorp kollekteer. Dit moes gebeur onder toesig van die priesters wat 'n tiende deel van die tiendes ontvang het. Die tiendes is in die voorraadkamers van die tempel opgebêre (Nehemia 10:37-39). M.a.w. in die dae van Nehemia het die priesters en

Leviëte, insluitend die sangers en wagte van die tempel, hulle inkomste uit die tiendes in die voorraadkamers van die tempel ontvang (Nehemia 12:44-47).

2. Maleagi het die Israëliëte vermaan om die tiendes na die tempel toe te bring (432-420 v.C.).

Later, toe Nehemia nie daar was nie (433-432 v.C.), het die priesters, wat verantwoordelik was vir die voorraadkamers van die tempel, nagelaat om die loon van die Leviëte uit te betaal, sodat die Leviëte teruggekeer het na hulle woongebiede om hulle kos met landbou te verdien in plaas van die tempeldiens te versorg (Nehemia 13:4-10).

Die HERE het, d.m.v. die profeet Maleagi, die Israëliëte vermaan om op te hou om God van sy tiendes (Maleagi 3:6-12) en offerandes (Maleagi 1:6-14) te beroof. Die HERE het die nakomelinge van Jakob beskuldig dat hulle voorvaders al hulle nie gehou het aan God se gebooië nie. Die Israëliëte het hulle nie gehou aan die voorskrifte van die seremoniële wet nie. Hulle nalatigheid het God se vloek oor Israel gebring, wat bestaan het uit die mislukking van die ooste deur droogte (Haggai 1:2-11) en sprinkaanplae (Joël 1:4,13). Die HERE het die Israëliëte vermaan om “die volle tiende” (Maleagi 3:10)¹ na die voorraadkamers van die tempel te bring, sodat daar genoeg voedsel sou wees vir die priesters en Leviëte! Eers daarna sou die HERE sy seën gee oor die landbou van Israel deur genoeg reën en fonteinwater te gee (vergelyk Genesis 7:11-12) en deur die vernietigende sprinkaan onskadelik te stel (Maleagi 3:11-12).

Let wel, Maleagi 3:10 is NIE ’n bevel aan Christene van die Nuwe-Testamentiese periode nie, maar ’n bevel aan die Israëliëte van die Ou-Testamentiese periode om die voorskrifte van die seremoniële wet (die tiendes en die offerandes) na te kom en so die Ou-Testamentiese tempeldiens met priesters en Leviëte aan die gang te hou. Ook die belofte raak die land van Israel (en nie jou eie land nie).

3. Nehemia moes die gee van tiendes ’n tweede maal herstel (432 v.C.).

Klaarblyklik het die Israëliëte nie geluister na die vermaning van Maleagi nie, want toe Nehemia weer na Jerusalem terugkeer, moes hy sy vorige werk nog ’n keer herstel. Hy het die beamptes tereg gewys, die Leviëte ruggeroep na Jerusalem toe om hulle werk te hervat, toegesien dat die tiendes na die voorraadkamers van die tempel gebring word en het manne aangestel om die gawes onder die priesters en Leviëte te verdeel (Nehemia 13:11-13).

D. DIE GESKIEDENIS VAN DIE GEE VAN TIENDES

Die geskiedenis van die gee van tiendes was nie heeltemal duidelik gedurende die Ou-Testamentiese periode nie.

1. Die gee van tiendes aan die begin van die Eksodus (die uittoeg uit Egipte) (1447 v.C.).

Tydens die begin van Moses se bediening by Sinai was sowel “’n tiende van al die produkte van die land”: die gewasse op die landerye, die vrugte van die bome en ’n tiende van die beeste en kleinvee as heilige gawe vir die HERE bestem (Levitikus 27:30, 32).

2. Die gee van tiendes gedurende die Eksodus (1446 – 1407 v.C.).

Later, tydens die hoëpriesterskap van Aäron word net die graan van die dorsvloer, die wyn en olie van die parskuip as die opbrengs genoem (Numeri 18:27-30).

3. Die gee van tiendes aan die einde van die Eksodus (1407 v.C.).

Later, teen die einde van Moses se tyd, is die tiendes van hulle koring, wyn en olie, of van hulle eersgebore beeste, skape en bokke by ’n feesmaal in Jerusalem deur die gewer, sy familieledede, slawe en die Leviëte uit sy stad geëet en elke derde jaar as ondersteuning onder die armes en behoeftige mense verdeel (Deuteronomium 12:6-7,11-12,17-19; Deuteronomium 14:22-29).

4. Die gee van tiendes voor die ballingskap (na Babilon) (713-696 v.C.).

Voor die ballingskap het koning Hiskia die tempel laat reinig, die tempeldiens herstel, opnuut priesters en Leviëte aangestel en die inwoners van Jerusalem beveel om hulle tiende van die oes af te staan vir die onderhoud van die priesters en Leviëte, “sodat die hulle aandag kon gee aan die uitleg van die wet van die Here”. Die tiendes het bestaan uit graan, wyn, olie, heuning en alle ander opbrengste van die land en ook uit ’n tiende van hulle beeste, skape en bokke (2 Kronieke 31:4-6).

5. Die gee van tiendes ná die ballingskap (445-420 v.C.).

Na die ballingskap het tiendes van die opbrengs van die land die karakter gekry van ’n soort van tempelbelasting wat nie deur die mense gebring word nie, maar deur die Leviëte en priesters gekollekteer word om hulle werk as tempeldienaars te ondersteun (Nehemia 10:37-39; Nehemia 13:12-13; Maleagi 3:6-12).

¹ Vers 10: Hebreeus: kol ha-ma’aser; Grieks LXX: panta ekforia (alle opbrengste, produkte). Vers 9: ta epidekata (die tiendes).

6. Die gee van tiendes gedurende die eerste eeu na Christus.

Die Jode het tydens die historikus Flavius Josefus (1^{ste} eeu n.C.) die probleem as volg opgelos:

(1) Die eerste tiende.

Elke jaar moes die Jode hulle eerste tiende gee aan die Leviëte en daarvan moet die Leviëte 'n tiende gee aan die priesters as onderhoud vir hulle diens in die tempel (Levitikus 27:30,32; Numeri 18:20-32).

(2) Die tweede tiende.

Elke eerste en tweede jaar moes die Jode hulle tweede tiende saamneem na Jerusalem vir 'n vreugdefees by die tempel (Deuteronomium 14:22-27).

(3) Die derde tiende.

Elke derde jaar moes die Jode hulle derde tiende in voorraadkamers waar hulle bly opbêre ten einde die armes en behoeftiges te onderhou (Deuteronomium 14:28-29; Deuteronomium 26:12-15).

Gevolgtrekking.

Die Joodse geleerdes tydens die eerste eeu na Christus het vereis dat Jode elke jaar twee tiendes van hulle oes en produksie opgaar en in die derde jaar het die tweede tiende die derde tiende geword! Maar die Joodse leraars was berug daarvoor dat hulle wette en reëls gemaak het, maar dit self nie gehou het nie (Matteus 23:1-4; Lukas 11:46).

E. DIE GEE VAN TIENDES IN DIE NUWE TESTAMENT VÓÓR DIE KRUISIGING VAN JESUS

Lees Matteus 23:23-24. Die Fariseërs en Skrifgeleerdes het 613 wette (365 verbodde en 248 geboodde) as hulle uitleg van die Mosaïese Wet. Hierdie wette was nie maar “hulpmiddele” nie, maar “toevoeginge” (let op Deuteronomium 4:2; Deuteronomium 12:32; Openbaring 22:18-19) en word “die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte” genoem (Markus 7:3). Hieroor het Jesus gesê, “Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as geboodde van God voor te hou nie.” Die geboodde van God gee julle nie aandag aan nie, maar aan tradisies van mense hou julle vas.... So ontnem julle die woord van God sy gesag deur julle oorgelewerde gebruike wat julle op julle beurt weer oorgelewer het. Daar is ook nog baie ander sulke dinge wat julle doen” (Markus 7:7-8,13).

Die Jode was skynheiliges., Bevoorbeeld, hulle het één tiende van die kruie wat in hulle tuine groei, gegee. Hoewel dit nie deur die Ou Testament voorgeskryf word nie, skryf hulle dit wel voor vir hulle volgelinge (Jode en proseliete uit die heidene). Die Ou-Testamentiese Wet sê niks oor die gee van een tiende van kruie (kruisement, anys en koljander) nie (Matteus 23:23), maar wel van graan, wyn, olie, vrugte en van beeste, skape en bokke. Die Fariseërs draai waardes om: hulle beklemtoon die onbelangrike sake soos die kruie en verontagsaam belangrike sake soos regverdigheid, barmhartigheid en getrouheid!

Jesus het gesê dat die Joodse Fariseërs en Skrifgeleerdes regverdigheid, barmhartigheid en getrouheid ('n deel van die morele wet van God) moet beoefen sonder om die gee van tiendes ('n deel van die seremoniële wet van God) na te laat. Daarmee onderskryf Jesus nie die gee van tiendes van kruie nie (die voorskrif van die skynheiliges), maar sê dat hulle God se voorskrif m.b.t. die morele wet (die allerbelangrikste) moet doen sonder om God se voorskrif vir die seremoniële wet na te laat. Let wel, toe hierdie uitspraak deur Jesus aan die Jode gemaak is, was die wet nog nie deur Jesus vervul nie.

Let op twee belangrike sake:

- Ten eerste sê Jesus hierdie dinge aan die Jode (Fariseërs en Skrifgeleerdes) en nie aan Christene nie.
- Ten tweede sê Jesus hierdie dinge vóór die vervulling (voltooiing) van sy verlossingswerk aan die kruis.

Vóór sy kruisiging was die Ou-Testamentiese voorskrifte van die seremoniële wet m.b.t. hoe om tot God te nader, te aanbid en te dien nog steeds geldig. Byvoorbeeld, die gee van tiendes deur die Jode vir die onderhoud van die tempel was nog steeds van krag (Lukas 18:12). Maar ná sy dood en opstanding is hierdie voorskrifte vervul (Matteus 5:17), opgehef (Kolossense 2:14) en afgeskaf (Efesiërs 2:15)! Byvoorbeeld, die besnydenis, die bring van diere offerandes en die gee van tiendes vir die onderhoud van die tempel was nie meer van krag nie. (Vergelyk: “Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder geskeur”) (Matteus 27:51).

Belangrike reëls m.b.t. die uitleg van die Bybel is:

- Let op wie die behoorders is. Jesus het met die Fariseërs en Skrifgeleerdes gepraat en nie met Christene nie.
- Let op die tyd. Jesus het dit gesê vóór sy dood en opstanding (vóór die vervulling van die wet).
- Let op die bedoeling. In Matteus 23:23-24 was Jesus se bedoeling om die skynheiliges onder die godsdienstige Jode tereg te wys. Niemand het die godsdienstige leiers in Israel die reg of gesag gegee om die Bybelse waarhede en waardes te wysig nie (Matteus 15:1-20). Deur hulle oorlewering oor die tiendes het die Jode die Woord van God kragteloos gemaak (vgl. Markus 7:6-13).

Dus, Jesus het gladnie bedoel dat Christene ook tiendes moet gee nie!

F. DIE GEE VAN TIENDES IN DIE NUWE TESTAMENT NÁ DIE KRUISIGING VAN JESUS

1. Die woord "wet" het verskeie betekenis in die Bybel.

(1) Die "wet" as God se regseis vir geregtigheid (verlossing).

God se eis van geregtigheid is God se heilige en regverdige eis dat alle mense 100% volmaak moet lewe en dat alle oortredinge van sy wet 100% gestraf moes word.

Alle natuurlike mense is onder God se wet (Romeine 2:12-16). God se wet eis volmaakte heiligheid en geregtigheid. Maar omdat geen mens God se wet gehou het nie (Jakobus 2:10) of met sy menslike wilskrag kan hou nie (Romeine 8:7-8), is alle mense veroordeel (hulle is verdoem)(Romeine 3:19; Romeine 8:1) en staan hulle onder God se vloek (Galasiërs 3:10). Geen enkele mens sal deur te probeer om die wet te hou ooit geregverdig word nie (Romeine 3:20; Galasiërs 2:16). Niemand kan aan God se heilige en regverdige eis voldoen nie!

God se heilige en regverdige eis is gedurende die Ou-Testamentiese periode uitgedruk in die voorskrifte van God se morele wette, sy seremoniële wette en sy siviele (burgerlike) wette vir die staat van Israel.

(2) Die "wet" as God se morele vereiste gedurende die Ou-Testamentiese periode.

Dit was nooit God se bedoeling dat sy morele wette, saamgevat in die Tien Gebooie (Eksodus 20:1-17) of in die wet van die liefde (Deuteronomium 6:5; Levitikus 19:18), die middel sou word waardeur mense sou probeer om voor God geregverdig (verlos) te word nie, omdat God sy mense al verlos het vóór Hy hierdie wette aan hulle gegee het (Eksodus 20:1-2)! Die bedoeling van die morele wette was God se voorskrifte hoe sy verlose Ou-Testamentiese volk (Israel) as sy volk in die wêreld sou moes lewe! Wie die verordeninge en wetsbepalinge in ag sou neem (d.w.s. sou hou) sou daardeur lewe (Levitikus 18:5). "Lewe" beteken hier nie "die ewige lewe (regverdiging, verlossing) verkry" nie, maar beteken "die volle lewe van en met God" ervaar (Johannes 10:10).

God se morele wet bly in die Nuwe Testament van krag. Dit is nog steeds die manier waarop God wil hê dat sy Nuwe-Testamentiese volk (die Gemeente/Kerk) in die wêreld leef (Markus 12:30-31; Romeine 13:8-10).

(3) Die "wet" as God se seremoniële (rituele) vereistes gedurende die Ou-Testamentiese periode.

God se seremoniële wette was gedurende die Ou-Testamentiese periode God se vereistes hoe sy volk Israel Hom moes benader, aanbid en dien. Die seremoniële wette was onderverdeel in wette m.b.t.:

- heilige mense (die priesters en Leviete)
- heilige plekke (die tabernakel en later die tempel)
- heilige tye (die Sabbat, die godsdienstige feeste en die vasdag)
- en heilige handeling (die besnydenis, die offerandes, die eersteling van die oes, die eersgeborenes van diere en mense, die tiendes, die seremoniële wassings of reinigingsrites, en die eet van rein voedsel).

Moenie vergeet dat die sogenaamde "eerste tiende" gefunksioneer het as 'n *godsdienstige belasting* om die godsdienstige tempeldiens van Israel te ondersteun en die sogenaamde "tweede tiende" gefunksioneer het as 'n *sosiale belasting* om die tempelfees in Jerusalem (of die armes in hulle woonplek) te ondersteun.

God se seremoniële wet is by die eerste koms van Christus vervul, opgehef en afgeskaf!

(4) Die "wet" as God se siviele (sosiale, burgerlike) vereistes vir Israel gedurende die Ou-Testamentiese periode.

Dit was nooit God se bedoeling dat Israel 'n politieke staat sou wees soos al die ander state in die wêreld en soos die moderne staat van Israel vandag nie! God het bedoel dat sy volk Israel 'n teokrasie sou wees wat deur God gelei en beheer sou word d.m.v. profete, priesters en konings. Die siviele wet het betrekking op juridiese sake in Israel gehad: wette m.b.t. besittings, huwelik, siektes, misdaad, slawe, oorloë en konings. Moenie vergeet dat die sogenaamde "derde tiende" gefunksioneer het as 'n sosiale belasting om die armes en behoeftiges in die teokratiese staat van Israel te ondersteun nie.

Buite hierdie "tiendes van God" om sou die koning van Israel sy onderdane kon dwing om 'n tiende van hulle mense, land, oes en vee af te staan vir die ondersteuning van die koning en sy wêreldse amptenare (1 Samuel 8:7-20).

God se burgerlike wet is by die eerste koms van Christus deur sy onderrig oor die Koninkryk van God *vervang*.

2. Die wet word by die eerste koms van Christus vervul.

(1) Die vervulling van God se morele wet.

By sy eerste koms het Jesus Christus die regverdige vereistes van God vervul in die plek van mense wat in Hom glo.

- Hy het die wet vervul deur hoe Hy geleef het, dit wil sê, deur volkome sondeloos te lewe. Tydens sy eerste koms op die aarde het Jesus Christus in teenstelling met alle ander mense in die geskiedenis van die wêreld, 'n 100% volmaakte heilige en regverdige lewe geleef! In die menselike geskiedenis was alleen Jesus Christus volmaak sondeloos (Johannes 8:46; Hebreërs 4:15; Hebreërs 7:26)!

- Hy het die wet vervul deur wat Hy gedoen het, d.w.s., deur dat Hy die volmaakte soenoffer vir die sonde gebring het. sy dood aan die kruis is effektief vir almal wat in Hom glo (Romeine 3:24; Hebreërs 7:27). Alleen Hy het sy volk losgekoop uit die vloek van die wet deur vir hulle 'n vloek aan die kruis te word (Galasiërs 3:13). So het net Jesus Christus vir ewig die volmaakte Hoëpriester geword (Hebreërs 7:28)!
- Hy het die wet vervul deur wat Hy onderrig het, d.w.s. deur sy volmaakte boodskap te verkondig en te onderrig. By sy eerste koms het Hy die evangelie van verlossing verkondig (Markus 1:14-15) en die ware betekenis van die wet aan mense geleer (Matteus 5-7). Hy het die sluwe veranderinge wat die Jode in die wet gemaak het ontmasker deur te onderrig hoe christene as Gods verlose volk behoort te lewe en Hy het die morele wet saamgevat in die wet van die liefde (Matteus 22:36-40; vgl. Romeine 8:8-10). So was Jesus Christus alleen en vir ewig die volmaakte Profeet (Deuteronomium 18:18-19; Handeling 3:22-23)!

(2) Die vervulling van God se seremoniële wet.

Tydens die eerste koms van Jesus Christus is al “die skadus” of “tipes” van die Ou-Testamentiese seremoniële wet in die werklikhede van die Nuwe-Testamentiese openbaring *vervul* (Matteus 5:17; Hebreërs 8:5; Hebreërs 10:1-4; vergelyk punt 4 en 5 hieronder) en is daarom toe *opgehef* (Kolossense 2:14) en *afgeskaf* (Efesiërs 2:14-15).

(3) Die vervulling van God se siviele wet.

Tydens die eerste koms van Jesus Christus is die Koninkryk van God gevestig (Matteus 12:28; Markus 1:14-15), nie net in Israel nie, maar in die hele wêreld! Jesus Christus is die volmaakte Koning, die Koning van die konings en Heer van die here (Openbaring 19:16). Aan Hom is alle mag en gesag in die hemel en op aarde gegee (Matteus 28:18). Sy Koninkryk sal alle ander koninkryke verpletter en tot 'n einde bring (Daniël 2:44; Openbaring 17:14). Alle onderrig en gelykenisse van Jesus Christus in die Nuwe Testament oor die Koninkryk van God *vervul en vervang* die siviele wette van die teokratiese staat van Israel (Matteus 21:42-44), oortref die wette van alle volke in die wêreld en het *die riglyn geword* waarvolgens alle mense in alle kulture in die wêreld sou moet lewe (Matteus 6 en 7).

Op hierdie manier het Jesus Christus die volmaakte en grootste Profeet (Deuteronomium 18:18-19; Handelingen 3:22-23), de grootste Hoëpriester (Hebreeën 7:28) en de grootste Koning (Openbaring 19:16) geword!

(4) Die blywende geldigheid van God se morele wet.

Die funksie van die morele wet gedurende die Ou-Testamentiese periode is presies dieselfde as die funksie van die morele wet gedurende die Nuwe-Testamentiese periode. Die morele wette was *nooit 'n middel* om in God se oë regverdig verklaar te word nie.

Enersyds *ontmasker en veroordeel* die morele wette die wettelose en opstandige mense, die goddelose en sondige mense, die onheilige en onrein mense, die ontugtiges, homoseksueles, mensediefstal/mensehandelaars en alles wat indruis teen die gesonde leer wat in ooreenstemming is met die boodskap in die Bybel (1 Timoteus 1:8-11).

Andersyds is die morele wette nog steeds *God se riglyne* hoe sy verlose mense *in sy Koninkryk in die wêreld* behoort te lewe (Matteus 5:21-48; Matteus 22:37-40; Romeine 13:8-10; Galasiërs 5:14). Die morele wet van God is nooit herroep of afgeskaf nie!

3. Die wet as “aanklaer” met betrekking tot die regverdig vereiste van God is by die eerste koms van Christus opgehef.

Lees Kolossense 2:14.

Die wet as regseis van God het alle mense veroordeel, omdat niemand die wet kon hou nie. “Jesus Christus het “die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim deur dit aan die kruis vas te nael” (Kolossense 2:14). Die geskrewe dokument verwys na die wet in die Ou Testament, veral die wet as God se geestelike en morele vereiste. Die Israëliete het as’t ware 'n kontrak geteken waarin hulle hulself verbind het om al die voorskrifte van die (morele, seremoniële en siviele) wet te onderhou. God se vloek het gerus op mense wat ongehoorsaam was (Deuteronomium 27:26).

Aangesien geen mens die wet volmaak onderhou nie (Romeine 3:10-12) of kan onderhou nie (Galasiërs 3:10; Jakobus 2:10), is alle mense onder God se vloek. Die hele wet van God is 'n teenstander van mense, beskuldig hulle van die oortreding van God se heilige en regverdig vereistes en veroordeel hulle as skuldig voor God en tot skande voor mense (Romeine 3:19-20). God se wet bring die sonde van mense aan die lig en so ook hulle behoefte aan 'n Verlosser (Romeine 7:7-8).

Deur die hele Ou-Testamentiese tyd het die wet gefunksioneer as 'n toesighouer (voog, gids)², wat die mense aankla, veroordeel en gevange hou tot met die eerste koms van Jesus Christus (Galasiërs 3:24-25).

Deur die wet, wat met reg die mens aankla, aan die kruis vas te nael, het Jesus Christus die wet as 'n veronderstelde middel tot regverdiging in God se oë uit die weg geruim. Toe Jesus Christus gesterf het, het “gelowiges vir die wet

² Grieks: paidagógos

gesterf”, d.w.s. die vereistes van die wet teen gelowiges in Jesus Christus het as ’t ware gesterf (Romeine 7:4). Dit beteken dat Christene nie meer veroordeel en verdoem is nie – hulle is nie meer onder die wet nie (Romeine 6:14). En as gelowiges in Jesus Christus met Christus gesterf het, het hulle ook vir die vereistes van die wet gesterf. Dit beteken dat Christene nie meer probeer om geregtig te word deur die wet te onderhou nie (Romeine 7:1-6).

Deur die dood en die opstanding van Christus het die bindende krag van die wet vir gelowiges in Christus opgehou. Daarom leer die Bybel dat Jesus Christus die wet vir diegene wat in Hom glo, opgehef en afgeskaf het. Die wet as God se regverdige eis kan die gelowige nie langer aankla en veroordeel (verdoem) nie. Maar ongelowiges en nie-Christene bly “onder die wet” en sal op die laaste oordeelsdag deur God se regverdige vereiste (die wet) geoordeel, veroordeel (Romeine 2:12-16) en verdoem (Romeinen 8:1-2) word.

4. Die voorskrifte van die seremoniële wet is by die eerste koms van Jesus afgeskaf.

Lees Efesiërs 2:13-18.

(1) Die wet het vyandskap tussen gelowiges uit die Jode en gelowiges uit die heidene opgerig as ’n muur wat skeiding maak.

Na die terugkeer uit die ballingskap het die godsdienstige leraars en leiers van Israel die nadruk verskuif van die morele wet na die seremoniële wet. Die uitelike onderhouding van veral die seremoniële wet het belangriker geword dan die innerlike gehoorsaamheid aan veral die morele wet (Matteus 5:17-48). Hulle het ook die seremoniële wet verander deur 613 tradisionele reëls en voorskrifte aan die wet toe te voeg (Matteus 15:1-20). Op hierdie manier het die godsdienstige leiers en lerare ’n letterlike muur om die tempelplein gebou en daardie gebied gereserveer vir alleen volbloed Jode. Geskrewe kennisgewinge op borde by die vier ingange het nie-Jode verbied om die tempelplein te betree!

In Efesiërs 2:14-15 vergelyk die apostel Paulus die voorskrifte van die seremoniële wet met “hierdie muur van vyandskap”. Die Joodse godsdienstige lerare en leiers het die seremoniële wet verander in ’n geestelike muur wat selfs Joodse proseliete³ buite gehou het. Dit geld ook vir Christene uit die Jodendom, wat vas bly hou het aan ’n aantal van die ou seremoniële wette uit die Ou Testament soos bevoorbeeld die besnydenis, die eet van rein voedsel, die dee van tiendes en die onderhouding van die Sabbat, die Joodse feeste en die vastedag. So het die Christene vanuit die Jode ’n geestelike muur van vyandskap opgebou tussen hulle en die Christene uit die heidendom wat die seremoniële wette van Israel nie geken het nie en hulle ook nie daaraan gehou het nie. Hierdie skeiding in die gemeente van Efese het vyandskap veroorsaak tussen die twee groepe Christene.

(2) Jesus Christus het die voorskrifte van die seremoniële wet opgehef en afgeskaf.

Deur aan die kruis te sterf het Jesus Christus “hierdie muur van vyandskap” tussen Christene uit die Jode en Christene uit die heidendom afgebreek weggeruim. Deur die seremoniële wet te vervul het Jesus Christus ’n einde gemaak aan die seremoniële wet. Op hierdie manier kon Jesus Christus één christelike gemeenskap (Gemeente) bou uit twee gemeenskappe wat vroeër vyandig teenoor mekaar gestaan het (Efesiërs 2:14-22; vgl. Johannes 10:16; Efesiërs 3:3-6).

Gevolgtrekking.

“Die einde (Grieks: to telos) van die wet (soos die Jode aan mense geleer het) is Christus” (Romeine 10:4). Jesus Christus het ’n definitiewe einde gemaak aan die verkeerde gedagte dat die onderhouding van die (morele, seremoniële en siviele) wet mense kon regverdig (red, verlos). Jesus Christus het die morele wet bly handhaaf as riglyn hoe verlore (geregtigde) Christene behoort te lewe as gelowiges (Matteus 22:37-40; Johannes 13:34-35; vgl. Romeine 13:8-10). Maar Hy het die seremoniële wet (wette m.b.t. heilige mense, heilige plekke, heilige tye en heilige handeling) as ’n middel om tot god te nader, Hom te aanbid en Hom te dien afgeskaf (Kolossense 2:14; Efesiërs 2:14-15) en hy het ook die siviele wet van Israel vervang deur sy onderrig oor die Koninkryk van God onder alle volke (Markus 1:14-15).

5. Die wet het onherroeplik verander by die eerste koms van Christus.

Met die eerste koms van Jesus Christus “volg noodwendig ook ’n verandering van die wet” (Hebreërs 7:12)! Die onderwysing in die Nuwe Testament toon duidelik aan hoe die verskillende onderdele van die seremoniële wet in vervulling gegaan het en gevolglik opgehef en afgeskaf is. “Die skadus” van die Ou-Testamentiese periode het verander in “die werklikhede” van die Nuwe-Testamentiese periode (Kolossense 2:17; Hebreërs 8:5; 10:1).

(1) Priesters as skadubeeld en werklikheid.

Die Ou-Testamentiese priesterskap volgens die orde van Aäron is vervang deur die Nuwe-Testamentiese priesterskap volgens die orde van Melgisedek. Die sterflike Ou-Testamentiese priesters is vervang deur die ewig lewende Hoëpriester, Jesus Christus (Hebreërs 7:11-28) en ook is die Ou-Testamentiese priesters in die tempeldiens van Israel afgeskaf en vervang deur die Nuwe-Testamentiese priesterskap van alle gelowiges (1 Petrus 2:9-5,9).

³ ’n Proseliet was ’n nie-Jood wat ’n Jood geword het deur ’n seremoniële bad te neem (die proselietedoop te ondergaan), homself te laat besny en te belowe om die wet te onderhou. Maar die “muur van vyandskap” het ook proseliete buite gehou!

(2) Die tempel as skadubeeld en werklikheid.

Die Ou-Testamenties tabernakel (Hebreërs 8:1-6; Hebreërs 9:1-8,24) en die tempelgebou in Jerusalem is *afgeskaf* (Matteus 27:51; Handeling 7:48-49, Handeling 17:24-25, Openbaring 21:22) *en vervang* deur die gemeente (Kerk) in die Nuwe Testament wat bestaan uit 'n ontelbare aantal mense in wie die Heilige Gees woon (2 Korintiërs 6:14; Efesiërs 2:19-22).

(3) Die Joodse godsdienstige feeste as skadubeeld en werklikheid.

Die Ou-Testamenties godsdienstige feeste is *afgeskaf* (Romeine 14:5, Kolossense 2:16-17, Galasiërs 4:8-11). Jesus Christus het in die Nuwe Testament alleen twee christelike vieringe ingestel: die Nagmaal (Matteus 26:26-28; 1 Korintiërs 11:23-26) en die doop met water (Matteus 28:19). Al die ander moderne christelike feeste soos Kersfees, Goeie Vrydag, Paasfees, Hemelvaart en Pinkster word pas later in die Kerkgeskiedenis en tradisie gevier. Hulle is nie verplig nie, maar mag wel gevier word. “Vir die een is een dag belangriker as ander dae; vir 'n ander is alle dae ewe belangrik”. Beide word tot eer van die Here gedoen. “Elkeen moet net in sy eie gemoed oortuig wees van sy opvatting” (Romeine 14:5).

(4) Die Sabbat as skadubeeld en werklikheid.

Die Ou-Testamentiese seremoniële aspek van die Sabbat, naamlik, dat dit op die sewende dag (Saterdag) gevier moes word (as teken van “die einde van die skepping”) is *afgeskaf en vervang* deur uit te rus en op adem te kom (Eksodus 23:12), deur 'n heilige byeenkoms te vier (Levitikus 23:3) en deur goed te doen en lewens te red (Markus 2:23-28; Markus 3:1-6) op die eerste dag van die week (Sondag) (as teken van “die begin van die herskepping”) (vgl. Handeling 20:7; 1 Korintiërs 16:2).

(5) Die seremoniële gebede as skadubeeld en werklikheid.

Die Ou-Testamentiese seremoniële gebede driemaal per dag met die gesig gerig na Jerusalem (Psalm 55:18; Daniël 6:11) is vervang deur “die Ons Vader” gebed (Matteus 6:5-15) en deur “by elke geleentheid te bid” (Efesiërs 6:18).

(6) Vas as skadubeeld en werklikheid.

Die Ou-Testamentiese vastedae wat gepaard gegaan het met treur (Sagaria 8:19) is *afgeskaf en vervang* deur die Nuwe-Testamentiese vreugde oor die voortdurende teenwoordigheid van Christus (Matteus 6:16-18, Matteus 9:14-17; Markus 2:18-22; Johannes 16:16-22). Die profeet Sagaria het voorspel dat dit sou gebeur.

(7) Offerandes as skadubeeld en werklikheid.

Die Ou-Testamentiese offerandes is *afgeskaf* omdat hulle vir eens en vir altyd vervul is deur die unieke en definitiewe soenoffer van Christus aan die kruis (Johannes 1:29, Hebreërs 7:27, Hebreërs 9:9-14,25-26; Hebreërs 10:10). Die Griekse woord Het “*efhapax*” beteken “eenmalig” of “vir eens en vir altyd” en dui aan dat die soenoffer van Christus die beslissende en laaste soenoffer was.

(8) Tiende as skadubeeld en werklikheid.

Die Ou-Testamentiese gee van tiendes is *afgekaf* deur die Nuwe-Testamentiese manier van gawes gee (Markus 12:41-44, Lukas 6:38, 1 Korintiërs 16:2, 2 Korintiërs 8:3,12,14; 2 Korintiërs 9:6-7). Vergelyk “gee” in handleiding 4, les 44.

(9) Die eerstgeborene en eersteling as skadubeeld en werklikheid.

Die Ou-Testamentiese wet met betrekking tot eersgebore seuns en manlike diere in Israel (Eksodus 4:22; 13:2; Numeri 3:13,41) is *afgeskaf en vervang* deur die uitspraak dat alle Nuwe-Testamentiese manlike en vroulike Christene vrygekoop is deur die kosbare bloed van Christus (Handeling 20:28; 1 Petrus 1:18-19). En die Ou-Testamentiese wet met betrekking tot die eersteling in Israel (die beste dele van die oes en die offerandes) (Numeri 18:12-13; Deuteronomium 18:4-5) is *afgeskaf en vervang* in die Nuwe-Testamentiese periode deur die uitspraak dat God aan Christene alles gee wat hulle besit en nodig het (Handeling 17:24-26; Romeine 8:32; 1 Korintiërs 2:12; 4:7).

(10) Besnydenis as skadubeeld en werklikheid.

Die Ou-Testamentiese ligaamlike besnydenis van seuns is *afgeskaf en vervang* deur die Nuwe-Testamentiese geestelike besnydenis van die hart van manne en vroue (Romeine 2:28-29, 1 Korintiërs 7:17-20, Galasiërs 6:15).

(11) Seremoniële wassing (reinigingsrites) as skadubeeld en werklikheid.

Die Ou-Testamentiese seremoniële wassings was reinigingsrites deur water van bo af op en oor 'n persoon te sprinkel of te giet. Hulle het die afwassing van sonde en die bederf van die wêreld gesimboliseer (Levitikus 14:1-9; vgl. Levitikus 4:1 – 5:13; Levitikus 15:11; Esagiël 36:25-27; Markus 7:2-4; Lukas 11:38-39; Johannes 13:5,9-10; Hebreërs 10:19-22). Die Ou-Testamentiese seremoniële wassing as skadubeeld is *afgeskaf en vervang* deur die Nuwe-Testamentiese weergeboorte (die afwassing van sonde) en die heiliging deur die Heilige Gees as die werklikhede (Handeling 10:44-48; Handeling 22:16; Handeling 22:16; Titus 3:5-6; Hebreërs 10:22). Die doop met die Heilige Gees (dit wil sê, die weergeboorte) word verseël met die christelike doop met water (Handeling 22:16).

(12) Rein voedsel as skadubeeld en werklikheid.

Die Ou-Testamentiese verbod vir die eet van onrein voedsel was 'n skadubeeld wat vooruit gewys het na heiligmaking (Deuteronomium 14:1-3). Hierdie voorskrif vir die eet van alleen rein voedsel is in die Nuwe Testament *afgeskaf* deur die Woord van God wat gelowiges vir eens en vir altyd gereinig het (Johannes 15:3; Efesiërs 5:26) en deur die uitspraak van Jesus waarmee Hy alle voedsel “rein” verklaar het (Markus 7:19, Romeine 14:2-6,13-23, Kolossense 2:16,

1 Timoteus 4:3-5). “Niks wat van buite af in ’n mens (se maag) ingaan, kan hom onrein maak nie; maar die dinge wat uit ’n mens (se hart en mond) uitkom, dit maak hom onrein” (Markus 7:15,23).

Gevolgtrekking.

Jesus Christus het vir eens en vir altyd die Ou-Testamentiese wet *vervul* (Matteus 5:17) en sodiende dit *opgehef* (*herroep*) (Kolossense 2:14) en *afgeschaf* (*uitgewis, sy bestaan beëindig*) (Efesiërs 2:14-15). Hierdie Ou-Testamentiese seremoniële wette mag nooit weer in die Nuwe-Testamentiese Christelike Gemeente (Kerk) ingevoer word nie, omdat dit weer tot skeiding en vyandskap tussen Christene (uit die Jode en die nie-Jode) sou lei

Daarom mag die voorskrifte van die Ou-Testamentiese seremoniële wet m.b.t. die verkiesing van priesters, die bou van heiligdomme en altare, die hou van die sewende dag as ’n Sabbat en die ander Joodse godsdienstige feeste en vastedae, die bring van offerandes, die besnydenis van seuns, die reinigingsrites vir godsdienstige seremonies en die eet van rein voedsel NIE weer in die Christelike Gemeente (Kerk) ingevoer word NIE!

Ook die Ou-Testamentiese reël vir die gee van tiendes (Maleagi 3:10) mag NIE weer as ’n verpligting ingevoer word in die Christelike Gemeente (Kerk) NIE! God verplig Christene gladnie om ’n tiende of enig ander persentasie van hul inkomste aan die kerk te gee nie.

Maar God leer Christene om oorfloedig te gee, met oortuiging, gewillig, sonder dwang (van die leiers van die gemeente) en sonder (persoonlike) teensin, maar wel met blydschap (2 Korintiërs 9:6-7)! Hy moedig Christene selfs aan om offervaardig te wees (Lukas 6:38; Handeling 20:33-35; 2 Korintiërs 8:3,9).